Shepherd

"Begeleiding van Geestelike Leiers wat God se Kudde Versorg"

Tel: 051- 401 3995 | Epos: shepherd@ufs.ac.za

Like ons op Facebook: Shepherd Centre UFS
NB: Die nuutste VBO-inligting word ook op Facebook geplaas.

VBO: ONTWIKKEL ENTREPRENEURSKAP EN FINANSIËLE INTELLIGENSIE
24 – 25 April 2017

AGTERGROND

Teologiese Fakulteite regoor die wêreld begin toenemend predikante in entrepreneurskap oplei.
Dit het o.a. te doen met:

- die vaardigheid om geleenthede raak te sien, gemeentelik en persoonlik,
- die geleenthede volhoubaar te ontwikkel en
- die regte ingesteldheid t.o.v. gemeentelike en persoonlike finansies.

UITKOMSTE

Deelnemers aan hierdie werkswinkel sal aan die einde 'n beter begrip hê van hul eie ingesteldheid t.o.v. die finansiële werklikhede binne die bediening. Hierdie ingesteldheid het onmiddellike, direkte en indirekte gevolge op elkeen se persoonlike finansiële situasie asook die gemeente se finansies. Hierdie ingesteldheid is bepalend in die indiwidu en gemeente se entrepreneuriese potensiaal en vermoë. Deelnemers sal kennis neem van die moontlikhede wat 'n entrepreneuriese ingesteldheid tot gevolg kan hê. Die bekendstelling aan finansiële vaardighede en die kennis neem van persoonlik finansiële intelligensie, sal deelnemers in staat stel om hierdie aspek van die bediening beter te verstaan en te integreer in breë bedieningsprosesse.

INRIGTING VAN KURSUS

Die kursus neem die vorm van 'n werkswinkel aan waar die deelnemers in klein groepe spesifieke take sal uitvoer en doelwitte moet bereik. Dit sou ook as 'n proses of 'n reis, deur die deelnemer se finansiële werklikheid, beskou kan word.
Aspekte wat aandag sal geniet:

- Finansiële werklikhede van vandag in oënskou
- Persoonlike "geld – verhaal"
- Gesindheid t.o.v. geld
- Inligting oor die entrepreneuriese wêreld en wetenskap
- Gemeentelike en persoonlike entrepreneurskap
- Gemeentelike en persoonlike begroting en finansiële bestuur
- Oorleef en beheer die skuldspiraal
- Praktiese finansiële beplanning
- Entrepreneuriese roetekaart

VOORBEREIDING

Van die deelnemers sal verwag word om:

- 'n persoonlike en gemeente begroting vir hulle eie verwysing saam te bring ten einde opdrag vir tweede dag te kan voltooi. (Inligting sal privaat bly.)
- 'n persoonlike finansiële verhaal te vertel met inbegrip van 'n finansiële tydlyn. Meer riglyne hieroor ten tye van die werkswinkel.

Aanbieder: Dr Gerhard Botha (Dr Botha het sy kennis en ervaring as entrepreneur by hierdie werkswinkel reeds landswyd op verskeie plekke met baie goeie gevolg aangebied.)
Koste: Gratis (Kursusgangers is verantwoordelik vir eie middagete)
Plek: Bloemfontein, UV, Fakulteit Teologie en Religie, Kamer 120
VBO-Punte: 20
Registrasie: SMS **D65632 u naam en eposadres** na 31029

(Eggenotes en Gemeenteleiers ook welkom!)

UNIVERSITY OF THE **FREE STATE**
UNIVERSITEIT VAN DIE **VRYSTAAT**
YUNIVESITHI YA **FREISTATA**

UFS·UV
THEOLOGY AND RELIGION
TEOLOGIE EN RELIGIE